Maandag 21 Februarie 1966 Vaderland.

# Uitstallings in Johannesburg

DIE beeldhouwerk van Lily Sachs wat tans by die Galery 101 te sien is, stel nie hierdie kunstenaar se talente behoorlik ten toon nie. Daarvoor is die fotografiese vergrotings wat ook op die uitstalling te sien is, nodig.

Hierdie foto's toon werk wat sy vroeër gedoen het — 'n fontein in Lichtenburg, groot figure van sportmanne by die Hillbrow-klub en 'n paneel vir die Alexander-teater. Die werke toon haar op haar verbeeldingrykste en beste.

Die beeldhouwerk wat uitgestal is, is uitsluitlik deur die menslike figuur geïnspireer en wissel van uiters abstrakte interpretasies tot meer gedetailleerde werk waar die kunstenares behep is met die eenvoudige vloei van lyne. Hierin bereik sy haar effek met die grootste eenvoud. Hoewel hierdie eenvoud 'n kenmerk is waarna die meeste kunstenaars strewe, het dit in Lily Sachs se werk 'n stadium bereik waar dit haar moontlik van individualiteit kan beroof.

### VOL KARAKTER

Skoonheid van vorm en konsentrasie op hoogs vereenvoudigde vorms kan selfs die beste werk — wat hierdie beslis is — leweloos laat voorkom indien dit ver gevoer word. Om die rede is haar „Moeder en Kind" wat van rooihout is, haar mees geslaagde stuk want hierin verenig sy die eenvoud van styl met 'n aardse krag en karakter sowel as met haar oorspronklike siening.

Sy het reeds bewys dat sy tegnies tot uitstekende werk in staat is en moet nou op die oorspronklikheid van haar siening konsentreer om haar werk uitsonderlik te maak.